Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Nobanele Patience Funani**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Nobanele.Funani@westerncape.gov.za | 021 467 2243

Lêerno.: 3/3/3/3/2
Verwysing: 20240708-5077

Strategiese Mensbestuursminuut: 0008/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

**Onderwerp: Verspreiding van die gedragskode**

1. Die gedragskode vir die staatsdiens, soos gepubliseer in Hoofstuk 2 van die *Staatsdiensregulasies*, *2016*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016, moet saamgelees word met *Staatsdiensregulasies, 2023*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 11634 van 20 Oktober 2023. Die gedragskode is 'n handleiding van die staat wat die reëls, waardes, doelwitte, etiek en visie van die regering uiteensit. Dit verskaf 'n duidelike uiteensetting van verwagte gedrag aan alle werknemers, d.w.s. opvoeders en staatsdienswerknemers, asook dit wat binne die staatsdiens beskou word as goeie praktyk of nie goeie praktyk nie.

2. Dit is 'n belangrike deel van die vestiging van goeie bestuur en etiese gedrag van alle staatsamptenare. Dit raak ook kwessies soos respek vir menseregte, die oppergesag van die reg, aanspreeklikheid, deursigtigheid in bestuur, persoonlike gedrag en persoonlike belange aan.

3. Die gedragskode dien as 'n riglyn vir werknemers oor wat van hulle verwag word uit 'n etiese oogpunt, wat betref hul individuele gedrag asook hul verhouding met ander. Nakoming van die gedragskode bevorder professionele optrede en help om vertroue in die staatsdiens te vestig.

4. Die hoofdoel van die gedragskode is om voorbeeldige gedrag te bevorder. 'n Werknemer sal desondanks aan 'n misdryf skuldig bevind word ingevolge artikel 20(*t*) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), en daar kan in ooreenstemming met die toepaslike artikels van die Wet opgetree word indien hy of sy enige bepaling van die gedragskode oortree of nie aan enige van die bepalings daarvan voldoen nie.

5. Alle werknemers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement word hiermee verplig om hulself vertroud te maak met die inhoud van die gedragskode asook die *Staatsdiensregulasies*, *2023*. Toegang tot die dokumente kan verkry word via die skakels en VR-kodes hieronder:
   **Gedragskode** **Staatsdiensregulasies**

6. U samewerking word op prys gestel.

**GETEKN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-07-16